



Verbeterings aftrekbaar vir boedelbelasting

Verbeterings aan 'n eiendom kan in 'n boedel tot onmin lei. Kry besonderhede oor die verbeterings op skrif en laat al die partye dit onderteken.

Een leser wil weet of die geld wat hy uitgegee het om verbetering aan te bring aan 'n eiendom waarvoor sy ma 'n vruggebruik het, 'n verskil gaan maak in die waarde van die vruggebruik in sy ma se boedel wanneer sy sterf. Hy het die eiendom van sy oorlede pa geërf, maar sy ma het 'n lewenslange vruggebruik. Hy het heelwat geld uitgegee wat die waarde van die eiendom verhoog het.

Die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) bepaal dat wanneer 'n mens sterf, word al jou bates teen markwaarde in jou boedel opgeneem en só vir boedelbelasting in berekening gebring. Ná die beskikbaarstelling van R3,5 miljoen, word belasting teen 20% gehef.

Eiendom waaroor die oorledene 'n vruggebruik gehad het, het ook 'n waarde. Dit word bereken deur (i) 'n jaarlikse waarde (gewoonlik 12% per jaar) op die markwaarde van die eiendom te neem en dit (ii) te verreken oor die lewensverwachting van die persoon op wie die vruggebruik oorgaan.

GEEN VRUGGEBRUIK

Wanneer geen vruggebruik betrokke is nie en A besit eiendom wat na B vererf, maar B het vir verbetering aan die eiendom betaal, is daar drie vereistes. Dit moes aangebring gewees het terwyl A nog gelewe het, met A se toestemming en dit moet na B vererf.

Kom ons sê die eiendom is by A se dood R2 miljoen werd. B het R250 000 vir die verbetering betaal, maar danksy die verbetering het die waarde van die eiendom met R600 000 gestyg.

Die aftrekking vir boedelbelasting in A se boedel is nie die R250 000 wat B vir die verbetering betaal het nie, maar wel die volle R600 000 waarmee die waarde van die eiendom verhoog is. Die waarde waarop boedelbelasting gehef kan word, is dus R1,4 miljoen en nie R2 miljoen nie.

AFTREKKINGS BY VRUGGEBRUIK

Waar verbetering aangebring is aan eiendom waaroor daar 'n vruggebruik is, is eweneens 'n aftrekking vir boedelbelasting beskikbaar. Ook hier geld drie vereistes.

As ons dieselfde syfers as hierbo gebruik: A het 'n vruggebruik oor die eiendom met 'n markwaarde van R2 miljoen by dood. B het R250 000 betaal vir verbetering wat die markwaarde met R600 000 verhoog het. Die vruggebruik gaan oor na B, wat dan 40 jaar oud is.

Nou maak jy twee somme. Eers moet die waarde van die vruggebruik wat oorgaan, bepaal word sonder om die verbetering in ag te neem. En dan word 'n vruggebruikswaarde bereken op die waarde van die eiendom minus die waarde wat die verbetering toegevoeg het. Doen 'n mens dié som, is

die volle waarde van die vruggebruik in ons voorbeeld R1 922 561. Dit is die waarde wat in A se boedel vir die berekening van boedelbelasting opgeneem word.

Die waarde van die vruggebruik in ons voorbeeld nadat die verhoging in markwaarde in ag geneem is (R2 000 000 – R600 000 = R1 400 000), is R1 345 793. Die verskil (R1 922 561 – R1 345 793 = R576 768) is 'n aftrekking vir boedelbelasting in die boedel van A.

Ek stel voor lesers wat hulle in sulke situasies bevind, kry alles op skrif, onderteken deur albei die partye, met bewyse van gelde betaal. Onthou, teen die tyd dat dié onderwerp vir bespreking opkom, is jou hoofgetuie dood. Glo my, kinders, boeties en sussies kan soms koue, meedoënlose geldmonsters raak as Pa en Ma nie meer daar is nie.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisikobestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkteverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie. **LBW***